POOL SOLUTIONS
epoxy coating
MANUFACTURERS

## EPOKSIEBEDEKKINGS WAT HOU




**GESEëL EN BEDEK (leeg)**




**Ook in swart en steenkool**



Alge kan met die hand weggevee word op hierdie ou swembad, geen afdopping of krake.






## Die Nuutste Tegnologie

By Pool Solutions maak ons gebruik van die nuutste ontwikkelings in epoksie-bedekkings vir swembaddens. Die spesiale chemiese reaksie tussen die epoksie hars en katalisator komponente verskaf eienskappe wat ontwikkel tydens die verhardingsfase soos skuurbestandheid, glans, weerstand teen chemikalië en water ens. Gewone enkelkomponent verwe daarenteen word relatief vinnig binnegedring en verswak deur water en ander chemikalië en het ook nie die natuur like klouvermoë van epoksies met sement en marmersement oppervlaktes nie. Die spesiale "heuningkoek"-tiepe molekulêre samestellings van epoksies kan nie maklik deur ander vloeistowwe binnegedring en afgebreek word nie.



## Opgeknap in 1997

Hierdie swembad wat al in 1997 as 'n toets opgeknap is, lyk vandag nog helderwit en onbevlek. Geen afdopping of barsing het voorgekom nie.



Let daarop hoe alge wat oor lang periodes versamel het op moeilike plekke en op die trappies, steeds met die hand afgevee kan word sonder permanente vlekking of besmetting.

## Beskostigbare oplossing

Epoksiebedekkings is baie meer koste-effektief om aan te wend as veselglas en bied uitstekende beskerming teen algbesmetting en chemikalië. Alge kan nie weer vasgroei teen die gladde en soliede glansbedekking wat epoksies aanbied nie. Epoksiebedekkings is maklik om te onderhou en selfs indien dit later opgegradeer moet word, is die aanwending van 'n nuwe bolaag goedkoop en maklik.

## Chemiese bestandheid



Ons epoksie wat bestaan uit verskeie kleefmiddels en verharders is van nature baie hard, solied en bied uitstekende kleefvermoë. Dit bied by uitstek langer leeftyd as normale verwe en word selfs aangewend aan die getysterde onderkante van bote en skepe.



Die bo-laag wat ook 'n tweeledige epoksie-kleefmiddel en verhader is, is taai en solied, is bestand teen UV bestraling en bied beskerming teen swembadchemikalië. Toetse gedoen deur onverdunde suur en oorversadigde chloor oplossings oor 'n periode van 72 uur, het getoon dat inteenstelling met ander produkte op die mark, geen vlekking en beskadiging voorgekom het nie terwyl ander produkte binne ure permanent gevlek is. Daarom kan chemikalië direk in die swembad toegevoeg word met ons produk. Die verwagte leeftyd word sodoende verleng.

Besoek gerus ons webtuiste by [www.poolsolutions.co.za](http://www.poolsolutions.co.za)